




# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

Liewe Ouers

Die jaar lê op sy rug en die eksamen is op ons! Ons graad 10- en 11-leerders begin Woensdag en die graad 8- en 9-leerders amptelik op Dinsdag, 5 November met eksamen.

Aan AL ons leerders, ook ons matrikulante in besonder:  baie sterkte! Mag julle elke dag die ywer hê om hard te werk vir elke vraestel wat julle gaan skryf. Mag julle ook die insig ontvang om elke vraestel na die beste van julle vermoë te beantwoord. Ons bid vir julle God se seën toe in hierdie eksamen.

Die reëlings vir die eksamen is as volg:

Leerders meld om 7:30 aan om handboeke en portefeuljes in te handig en beweeg daarna na hulle eksamenlokale. Graad 10- en 11-leerders skryf in die saal, terwyl graad 8- en 9-leerders in klasse skryf. Leerders skryf in amptelike skooldrag eksamen. GEEN sweetpakke of sportklere sal toegelaat word nie.

Die eksamen sal daagliks om 8:15 begin. Indien 'n leerder tydens 'n eksamenvraestel afwesig is, **moet** hulle asseblief die volgende dag 'n mediese sertifikaat by die kantoor inhandig.

Die onderskeie busroetes sal na afloop van die langste vraestel vir die dag, vertrek.

Ek herinner u aan die slaagvereistes:

| GRAAD 8 & 9 | GRAAD 10 – 12 |
| --- | --- |
| Afrikaans bo 50% | Afrikaans bo 40% |
| Engels bo 40% | Nog 2 ander vakke bo 40% |
| Wiskunde bo 40% | Nog 3 vakke bo 30% |
| Nog 3 ander vakke bo 40% | |
| Nog 2 ander vakke bo 30% | |

**Let wel:** Graad 8 en 9-leerders moenie op departementele aanpassings staat maak nie! Werk hard sodat jy op jou eie gemaklik slaag!

Vriendelike groete
Brenda Hoffman
SKOOLHOOF

## BELANGRIKE KENNISGEWING!

Hiermee word u uitgenooi na ons BEGROTINGSVERGADERING op 21 November 2024 om 18:00 in die skoolsaal. Tydens hierdie vergadering sal die begroting vir 2025 voorgelê word.

# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

## PRESTEERDERS



**Kabelo Mosia** is na verdere proewe in die Vrystaat Platteland o.17-krieketspan ingesluit en gaan in Desember aan 'n toernooi deelneem.

**Kabelo** is ook in die Golden Gate Guardians Division 1-krieketspan ingesluit, terwyl **Norman van Staden** en **Xander van Jaarsveld** is in die Caspian Tigers krieketspan ingesluit is. Hulle gaan van 2 tot 5 Desember aan die FPL-toernooi deelneem.

Baie geluk! Ons is trots op julle!

## KRIEKETUITSLAE – huidige liga

**o.15 seunspan**
WEN teen Goudveld met 6 paaltjies.
VERLOOR teen Trio met 7 paaltjies.
VERLOOR teen Gimnasium met 37 lopies.
WEN teen Bothaville met 9 lopies.
WEN teen Wessel Maree met 10 paaltjies.

**Eerste seunspan**
WEN teen Viljoenskroon met 89 lopies.
WEN teen Gimnasium met 6 paaltjies.
WEN teen Trio met 47 lopies.
WEN teen Goudveld met 122 lopies.

**Eerste meisiespan**
WEN teen Trio met 69 lopies.
VERLOOR teen Hentie Cilliers met 7 lopies.
WEN teen Wessel Maree met 175 lopies.
VERLOOR teen Hentie Cilliers met 8 paaltjies in T20-wedstryd.

BAIE GELUK aan al ons spanne! Baie sterkte aan ons eerstespanne met die nuwe seisoen!

## GHOFLDAG, SATERDAG 2 NOVEMBER

Ons jaarlikse gholfdag vind eerskomende Saterdag by Whites Gholfklub plaas. Die formaat vir die dag is *Better Ball Scramble Drive* en die koste is R300 per persoon. Goeie vleis- en ander pryse kan gewen word.

Bespreek voor of op 1 November by Willem (079 351 1599) of Whites (072 863 9521).
Kom geniet 'n heerlike dag!

## PRYSUITDELING

Tydens die jaarlikse prysuitdeling word leerders beloon vir hulle harde werk. Talle van ons leerders het pragtige prestasies behaal en toekennings ontvang.

Die Matriekraad en VRL van 2025 is ook tydens die prysuitdeling bekend gemaak. Die leiers is as volg:

***VRL 2025***

| | | |
|---|---|---|
| Graad 9 | Lereko Tsoeu | Blessing Mokeki |
| Graad 10 | Boitumelo Mbombo | Hendrik Myburgh |
| Graad 11 | Joané Wessels | Thabiso Leeu |
| Graad 12 | Karlien Lubbe | Tony Gomes |

***MATRIEKRAAD 2025***

| | |
|---|---|
| Hoofseun: | Franco Marx |
| Hoofdogter: | Daniëlle Myburgh |
| Onderhoofseun: | Louan Kotze |
| Onderhoofdogter: | Danika Swartz |

| | |
|---|---|
| Kaylie Klopper | Brandon Baker |
| Karlien Lubbe | JC Delport |
| Chelinké Matthysen | Keatlehile Dhlamini |
| Fumane Moiloa | Tony Gomes |
| Ansoney vd Westhuizen | Corné van Wyk |

Baie geluk aan al hierdie leerders en hulle ouers; ons is saam met julle baie trots op elke leerder!